



**Afstandswaarneming**  
Insameling van informasie oor die aardoppervlak met sensors op satelliete deur die weerkaatsing of uitstraling van elektromagnetiese energie sonder om fisies in kontak met die aarde te wees

**Resolusie**  
Die vermoë van die sensor om 'n skerp en duidelike beeld te skep.  
• Spektrale resolusie – sensor neem waar oor verskeie spektrale bande  
• Ruimtelike resolusie – hoeveelheid detail wat waargeneem word – vasgestel deur die pixelgrootte

**Datamanipulasie**  
Die manipulering (redigering en prosessering) en analisering van data  
• Transformasie tussen kaartprojeksies  
• Omskakeling van raster na vektor of vektor na raster  
• Integrasie van data lae  
• Skep van buffers  
• Skep van modelle  
• Statistiese analise

**Data-integrasie**  
Behels die kombinering van twee of meer inligtingslae om 'n nuwe een te skep

**Buffers**  
Skep van sones teen verskillende afstande vanaf sekere geografiese voorwerpe

**Statistiese Analise**  
Gebruik om ruimtelike patrone wat binne die attribuutdata van 'n groep eienskappe bestaan te identifiseer en bevestig

**Data Navraag**  
Bekende geografiese vrae  
• Wat is daar?  
• Waar is dit?  
• Wat het verander?  
• Wat is die beste roete?  
• Watter patroon?  
• Wat as?  
Antwoord/oplossings as kaartlaag vertoon

Om komplekse beplannings- en bestuursprobleme op te los